

## **ERVARINGS!**

### **Wat beteken die woord?**

- Experience - to undergo change due to exposure  
Ervaring - is om verandering (vorming) te ondergaan as mens as gevolg van blootstelling
- Ons laat toe dat menslike ervarings ons identiteit bepaal

### **Jesus kom verlos ons van onself....**

- Verlossing het geen ware betekenis vir my en jou voor dat dit nie uit gewerk is deur my bewustheid van die ewige lewe in Jesus Christus nie.
- Wanneer ek wedergebore is neem die Gees van God my verby myself en my ervarings en identifiseer my met Jesus Christus
- **1Co 2:12(ANV)** - Die Gees wat ons ontvang het, is nie die gees van die wêreld nie, maar die Gees wat van God kom. So weet ons wat God ons uit genade geskenk het.
- God het my en jou identiteit bepaal deur Jesus Christus te laat sterf in my en jou plek sodat ons Sy kinders kan word..

### **Watter ervarings en teleurstellings hou jou gevange?**

- Ek en jy word slawe van ons ervarings en teleustellings maar Christus het ons vry kom maak van slawerny deur Sy Gees.
- Rom 8:14(ANV) - Almal wat hulle deur die Gees van God laat lei, is kinders van God.
- Rom 8:15(ANV) - Die Gees wat aan julle gegee is, maak julle nie tot slawe nie en laat julle nie weer in vrees lewe nie; nee, julle het die Gees ontvang wat julle tot kinders van God maak en wat ons tot God laat roep: "Abba!" Dit beteken Vader.
- Ons is Sy kinders en Hy is ons Vader...

### **My en jou ervaring met die Heilige Gees is wat die verandering bring.**

- Hoe meer ons fokus op die Heilige Gees hoe meer ervaar ons hoe Hy ons verander na Sy Beeld en hoe meer ervaar ons die Vader se hart vir ons...

### **Die waarheid is Jesus Christus!**

- Joh 8:32(ANV) ...en julle sal die waarheid ken, en die waarheid sal julle vry maak."
- Joh 14:6(ANV) - Jesus het vir hom gesê: "Ek is die weg en die waarheid en die lewe. Niemand kom na die Vader toe behalwe deur My nie.
- Joh 14:16-17(ANV) 16 Ek sal die Vader vra, en Hy sal vir julle 'n ander Voorspraak stuur om vir ewig by julle te wees,

- 17 naamlik die Gees van die waarheid. Die wêreld kan Hom nie ontvang nie, omdat hulle Hom nie sien en Hom nie ken nie. Maar julle ken Hom, omdat Hy by julle bly en in julle sal wees.
- Rom 8:38(NLT) And I am convinced that nothing can ever separate us from his love. Death can't, and life can't. The angels can't, and the demons can't. Our fears for today, our worries about tomorrow, and even the powers of hell can't keep God's love away.

**DIE GROOTSTE ERVARING** WAT EK EN JY IN ONS LEWE KAN BELEEF IS OM JA TE SÊ VIR DIE LIEFDE WAT JESUS AAN ONS BEWYS HET AAN DIE KRUIS OM ONS IN VERHOUDING MET HOM TE PLAAS!